## FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE.

# Die Onderwys en Opvoeding van die Afrikaner in die Twintigste Eeu.

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

Die twintigste eeu het vir die Afrikaner waar hy ook in Suid-Afrika woonagtig was, baie donker aangebreek: In die loop van 1900 is die twee Boere-Republieke beset en al het die worstelstryd van die Boeremagte nog tot in 1902 voortgeduur, was die einde vanaf 1900 reeds beslis. Met die ondergang van die twee Boere-Republieke in 1902 het die Afrikanerdom oor die hele Suid-Afrika die donkerste punt in sy geskiedenis bereik: die het gelyk of dit die einde van die Afrikanervolk was.

Die veroweraar het reeds vanaf 1900 doelbewus probeer om deur die onderwys en opvoeding die Afrikanerjeug te verengels. Na die sgn. vredesluiting in 1902 is met die opsetlike anglisering van die Afrikaner voortgegaan, en die vernaamste middel vir die doel was die skool waaraan die Afrikaner so besonder geheg was. Die geskiedenis van die Boere-Republieke getuig van die feit dat die Boere op niks meer gesteld was as op die behoorlike skoolopvoeding van hul kinders nie. Die

onderwys wat die jeug op skool ontvang het was deur-en-deur Christelik-nasionaal sover dit die twee Republieke betref het. In die Kaap-Kolonie was die toestand veel ongunstiger. Daar het die Britse owerheid sinds 1806 deur middel van die openbare skoolopvoeding doelbewus die Afrikaner probeer denasionaliseer. En teen 1900 het dit nieteenstaande die reaksie van ortodoks-Afrikaanse kant, so byna daarin geslaag om die Afrikaner te verengels: die Kaapse skole was deur-en-deur Engels, so on-Afrikaans as maar moontlik kon. Die voertaal op skool was Engels; Hollands (en nie Afrikaans nie) is min of meer gelykgestel aan enige vreemde taal; die geskiedenis op skool onderwys was oorwegend Britse geskiedenis en van vaderlandse geskiedenis was daar geen sprake. Die Christelike karakter van die ou gereformeerde skool was so afgewater dat die Kaapse openbare skole feitlik kleurloos was.

Vir die Afrikaner oor die hele Suid-Afrika was toestande op alle gebiede, en heel in die besonder op onderwysgebied, aan die begin van die eeu so donker as wat hulle maar kon wees: in Kaapland was die onderwys on-Afrikaans en in die Republieke is die ou C.N. onderwys vernietig en na 1902 vervang deur 'n uitheemse, Engelse onderwys.

II.

Maar die Afrikaner het soos die foeniks van Arabië vinnig uit sy as opgerys. Die verengelste skoolstelsel in die Transvaal en die Oranje-Rivier-Kolonie was nog nie eers vol aan die gang nie, toe die Afrikanerdom self ingegryp het en probeer het om te red wat nog te red was en nog gered moet word. Reeds in 1903 begin 'n doelbewuste beweging eers in die Transvaal, daarna in die Oranje-Rivier-Kolonie en ook in die Kaap-Kolonie om aan die Afrikanerjeug 'n skoolopvoeding te gee wat in ooreenstemming met sy aard, geskiedenis en tradisie sou wees. As 'n vuurvlam het die beweging hom oor 'n baie groot deel van die Afrikanerdom versprei, en dit veral in die twee gewese Republieke. Binne 'n jaar of vier het die beweging sulke afmetings aangeneem dat ons met reg kan beweer dat naas die kwynende openbare skoolstelsel 'n steeds groeiende Afrikaner-skoolstelsel opgekom het. Die Afrikanerdom het die skool aangegryp as die beste strydmiddel teen die verengelsing van die Afrikanerjeug.

Die C.N.O.-beweging is uit die hart van die Afrikaner gebore en C.N.O. het aan sy diepste wense insake die onderwys en opvoeding van die Afrikanerjeug voldoen. Daarom kon die beweging uitgroei tot 'n eie, selfstandige onderwysstels langs die openbare, verengelste onderwysstelsel. Hierdie beweging is uit Nederland finansieel kragtig gesteun.

Maar die geweldige groei, al getuig dit van die diepe erns van die Afrikaner met die C.N.O. van sy kind, het twee ernstige gevolge gehad.

Aan die een kant het die fondse vir die C.N.O. al meer en meer ontoereikend geword en die behoefte aan 'n grondige organisasie van die C.N.O.-skole al dringender en dringender geword—en finansieel was die Afrikaner geruïneer. Aan die ander kant het die Engelse owerheid werklik begin vrees dat die openbare onderwys vernietig sou word, altans in die twee gewese Republieke. Daarom het dit sy uiterste bes gedoen om die geweldige stroom te keer of minstens in 'n vir hom gunstiger rigting te lei. En daarin het dit goed geslaag. Die ou bekende tegniek is toegepas: aan die verowerde is 'n skyn van vryheid en selfstandigheid gegee deur 'n vorm van selfregering, en, soos in ander gevalle, is die Afrikanerdom verdeel. Die grootste groep het hulle neergelê, 'n klein minderheid van bittereinders het volhard.

In 1907 het die C.N.O.-beweging feitlik tot 'n end gekom deur die sgn. Smuts-onderwyswet wat aan die meerderheid genoeg belofte ingehou het vir 'n enigsins Afrikaner-gekleurde onderwys op die openbare skool. Al het sekere groepe nog probeer om die ideaal en die praktyk van die C.N.O. te handhaaf, het die stryd steeds hopeloser geword.

## III.

Maar, al het die Onderwyswet van 1907 die einde van die C.N.O.-stryd meegebring, het dit tog ook gelyktydig die saak gelê vir die voortgesette Afrikanerstryd om egte Afrikaans-nasionale en Christelike onderwys.

Die sterkste stryd is aangebind teen die verwaarlosing van die nasionale drang van die Afrikaner. Reeds in 1912 moes die taalklousule van die Smutswet op die onderwys gewysig word—en dit wel meer in die guns van die Afrikaanssprekendes. Hierdie stryd om die plek van Afrikaans op die openbare skool het hom oor die hele Unie versprei. In die Uniewet is reeds in Art. 137 die gelykwaardigheid van Engels en Hollands as landstale vasgelê in teorie, maar in die praktyk sou dit nog baie lank duur voor die twee tale werklik gelykwaardig geword het. Selfs in 1950 is daar nog genoeg tekens dat die taal van die Afrikaner nog om sy reg moet veg.

Die eerste belangrike skrede om die verwesenliking van die regte plek van die moedertaal van die Afrikaner het gekom vanaf 1914 toe Afrikaans die plek van Hollands in die Kaaplandse Provinsiale Raad ingeneem het. Daarna kon die stroom nie meer gekeer word nie. Die een na die ander plek is deur Afrikaans op Hollands verower. Die belangrikste oorwinning van Afrikaans as voertaal het gekom met die invoering daarvan as die medium van onderwys. So het Afrikaans in die Transvaal Hollands feitlik heeltemal vervang vanaf 1918: in 1918 bv. het 21,654 leerlinge deur Afrikaans en nog 12,231 deur Hollands as medium onder-

wys ontvang en in 1919 is die verhouding alreeds 32,130 tot 7,671. Dit was die eerste ingrypende vordering van Afrikaans op nasionale gebied. Maar ons moet die vordering nie sien as 'n stryd teen Hollands as sodanig nie maar eerder as 'n innerlike versterking van ons kragte in ons stryd teen Engels. Die belangrikste ontwikkeling na 1919 is tog juis die vinnige opkoms van die Afrikaans-mediumskole in teenstelling met die ou Engelse en dus Engels-mediumskole. Die stigting en ontwikkeling van die Afrikaans-mediumskole, sowel laer as sekondêr, is ongetwyfeld die belangrikste oorwinning van die Afrikanerdom in sy stryd teen verengelsing. Van nou af sou daar 'n einde kom, minstens op die Afrikaans-mediumskole, aan die stelselmatige verengelsing van die Afrikanerjeug. 'n Eie soort skool, waarop die Afrikaner trots kan wees en waar hy onderrig word in die geskiedenis, kultuur, gewoontes en tradisies van die Afrikanerdom, was in die kulturele geskiedenis van die Afrikaner onmisbaar. Die Afrikaner het die stryd gewen en hy sal hou wat hy duur verwerf het. Later is daar weer pogings aangewend o.a. deur die sgn. dubbelmedium-onderwys om hom uit die sterk posisie te ruk. Maar ook hierdie aanslag kon die Afrikaner die hoof bied, sodat bv. in die Transvaal die jongste Taalordonnansie (1950) weereens moedertaal-onderwys in ere herstel het.

'n Besonder belangrike ontwikkeling in ons Suid-Afrikaanse onderwyslewe is ook kenmerkend van die twintigste eeu.

Aan die begin van die eeu was die onderwys van ons kinders op die openbare skool feitlik oorwegend in die hande van Engelse of Engelsgesinde Afrikaners. In Kaapland was aan die roer van sake die verbete Brit, dr. T. Muir wat so amper daarin geslaag het om die hele Kaapland wat sy onderwys betref, rooi te verf. In die jaar 1902 is die ervare Brit E. B. Sargant as direkteur van onderwys oor die verowerde Boere-Republieke aangestel. Sy taak was om die Boere-kind te verengels—en daarvoor het hy Engelse en Engelssprekende onderwysers by die honderdtalle ingevoer.

Die meeste van die inrigtings vir die opleiding van onderwysers was deur-en-deur Engels. Die enigste opleiding wat ons onderwysers ontvang het, was heeltemal Engels-georiënteer. Vir die ontwikkeling van die Afrikaner was dit 'n dodelike gevaar. Met Engelse en Engels-georiënteerde onderwysers kon die nasionale onderwys en opvoeding van die Afrikanerjeug nooit verwesenlik word nie. En dit het die Afrikaner onbewus besef. Nieteenstaande die Engelse karakter van die meeste Normaalskole het die Afrikanerjeug—seker ook noodgedwonge deur hul swak finansiële posisie en hul gebrek aan bedrewenheid en ervaring in die nywerheids- en sakewêreld—hulle meer en meer laat oplei as onder-

wysers. Aanvanklik moes hulle dit doen met 'n baie gebrekkige akademiese vorming. Die gevolg was dat hulle maar moes begin om die ondergeskikste betrekkings in die onderwyswêreld te beklee. Maar vanaf 1912—en dit veral as gevolg van die instelling deur die Minister van Onderwys van die „Onderwijzersakte van de Eerste Klas" aan die Suid-Afrikaanse universitêre inrigtings—het jong Afrikaners hulleself eers grondig akademies en daarna professioneel gekwalifiseer. Hierdie jongmanne en -vroue kon toe ook vir die hoër betrekkings in die onderwyswêreld in aanmerking kom. Geleidelik het hulle hoofde van skole geword, later selfs op die personeel van die inspektoraat gekom. Die grootskaalse oprigting van Afrikaansmedium-skole het vir die Afrikaanse onderwyser die weg gebaan. So sterk het die toestroming van jong Afrikaners na die onderwysprofessie toegeneem dat hulle vandag selfs aan Engelse skole onderwys gee, deels ook omdat die jong Engelse Suid-Afrikaner hom alleen as laaste keuse vir die onderwys laat oplei.

Ons kan dus met reg beweer dat die Afrikaner tans feitlik die onderwysprofessie verower het. In hart en niere is die Afrikaner onderwysman—en ons volk het hom nodig. Ek beskou dit as een van die belangrikste glanspunte in die ontwikkeling van die Afrikanergedagte in Suid-Afrika.

Maar dit het nie net gebly by onderwys en skool nie. Die geleerde Afrikaner het ook geleidelik die hele onderwys-administrasie oorheers. Waar vroeër die hoofde van Onderwysdepartemente net Engelse of Engels-gesinde Suid-Afrikaners was, is hulle tans, met die natuurlike uitsondering van Natal, Afrikaners. In Kaapland is dr. Muir opgevolg deur 'n Afrikaner, dr. W. J. Viljoen en na hom was alle Superintendente van Onderwys daar Afrikaners. In die Oranje-Vrystaat is die Engelse superintendente reeds vroeg vervang deur Afrikaners—die bekendste van hulle is dr. S. Henri Pellissier wat deur sy jarelange leiding 'n onuitwisbare stempel op die Vrystaatse onderwys gedruk het. In Transvaal het die Engelse direkteur, J. E. Adamson, tot 1923 aan die roer van sake gebly. Hy is opgevolg deur 'n ander Engelse direkteur, H. S. Scott. Maar met die benoeming van dr. N. M. Hoogenhout in 1928 het daaraan ook 'n einde gekom: die een Afrikaner na die ander is in die hoë betrekking gestel. Selfs in die Engelse provinsie, Natal, was 'n Afrikaner, mnr. F. D. Hugo, jarelang die hoof van die onderwysadministrasie.

Daarmee wil ek nogeens sê dat die Afrikaner hom deur sy toewyding, sy aanleg en sy ontwikkeling op die voorpunt van die onderwyswêreld gestel het.

V.

Die onderwys in Suid-Afrika, en heel in die besonder die aan die Afrikanerkind, het in die loop van ons eeu geweldige uitbreiding ondergaan.

Daar is in die eerste plek die uitbreiding van die onderwys aan alle blanke kinders waarin die Afrikaner vanself deel. Daar is eerstens die feit dat die peil van verpligte onderwys steeds verhoog is. In al vier die provinsies is die minimum vereistes min of meer dieselfde, nl. tot die sestiende lewensjaar of tot die bereiking van 'n bepaalde standerd. Dit raak veral die Afrikaanse kind wat in so menige opsig verstoke is van alle voorregte wat die Engelse kind in die stede geniet. Daarby kom nog dat alle laer onderwys skoolgeldvry is en dat die algemene middelbare onderwys, o.a. in die Transvaal, ook gratis is. Ook dit is 'n besondere voorreg aan menige Afrikaanse kind, omdat so baie Afrikaners nog te arm is om so 'n langdurige skoolgang te kan bekostig. Die uitbreiding van ons middelbare onderwys is veral opmerklik: die persentasie leerlinge, en daaronder veral Afrikaanse kinders, wat na 16 of na Standerd 7, 8 deurstudeer is reeds so hoog, indien nie hoër nie, as in meeste Westerse lande.

Maar daar is in die tweede plek veral die uitbreiding en vernuwing van die plattelandse onderwys waaraan seker net Afrikaanse kinders deel het. Die eerste belangrike ontwikkeling is die poging van al die provinsiale onderwysowerhede om die onderwys op die platteland meer te sentraliseer, om die kind na 'n beter, groter en doeltreffender skool te bring. Hierdie pogings het reeds omstreeks 1930 in die Vrystaat en in die Transvaal veral vanaf 1935 vaste vorm aangeneem, terwyl dit in Kaapland met sy groot uitgestrekte gebied reeds vanaf 1916 aangevang het. Maar belangriker as die sentralisering van die plattelandse skole, is die oprigting en ontwikkeling van skoolplase, 'n ontwikkeling wat spesifiek die Afrikaanse kind op die platteland raak. Die idee van die Skoolplaas is om die kind die nodige onderwys en opleiding te gee met die oog op sy verblyf buite die stede. Met die gewone algemene onderwys gaan hier gepaard 'n praktiese onderrig in alle vertakkinge van die plaaslewe. Die begin van hierdie vorm van onderwys het ons in Suid-Afrika te danke aan die voortdurende pleidooi daarvoor deur dr. J. E. Adamson, 'n vroeëre direkteur van onderwys in die Transvaal maar veral aan die inisiatief van 'n paar ondernemende hoofonderwysers in Kaapland, nl. S. J. Botha van Seodin, H. J. H. Vermeulen van Winton en D. S. Uys van Dikkefing. Die eerste „skoolplaas" is die van Botha wat met die idee reeds in 1918 begin het. In die Transvaal het die skepping gou ingang gevind en reeds in 1936 is daar nie minder as 6 departemen-

tele skoolplase nie. In die ontwikkeling van die Transvaalse „skoolplase" het Simon Bekker, 'n administrateur, 'n baie groot rol gespeel.

Maar die Afrikaanse kind het ook in ander ontwikkelinge 'n leeueaandeel gehad. Ek noem veral hier die ontwikkeling van die landbouskole, soms verbind met 'n „proefplaas," die stigting van ambagskole veral vir die minderbevoorregte Afrikaanse kind, en veral die geweldige uitbreiding van alle vorme van tegniese en beroepskundige onderwys. Die sgn. middelbare tegniese onderwys is veral die Afrikaanse kind se gebied: die hoër Handelskole, die hoër Huishoudskole, die hoër Tegniese skole. Die Afrikaanse kind het egter nie dieselfde voorreg wat die eintlike gevorderde tegniese onderwys betref nie. Die sgn. Tegniese Kolleges is nog oorwegend in Engelse hande, die onderwys is nog oorwegend deur Engelse medium, en die leerkragte oorwegend nie-Afrikaans. Op diė gebied is daar inderdaad veel te doen—daar is natuurlik uitsonderinge ook hier, ek dink veral aan die Pretoriase Tegniese Kollege onder prof. P. J. Duminy.

VI.

Maar die kroon op alle ontwikkelinge waarin die Afrikaner 'n deelgenoot is, is die geweldige uitbreiding van die hoër onderwys en die wetenskaplike navorsing.

Aan die begin van die twintigste eeu was daar in Suid-Afrika geen universiteit in die strikte sin van die woord nie. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was eintlik maar net 'n eksaminerende instelling. Die onderwys is gedoen aan sgn. Kolleges. Die hele inrigting van die ou Kaapse universiteit was Engels: die voertaal was Engels, die leerplan Engels en die doserende en eksaminerende personeel oorwegend Engels. Van 'n eie Afrikaanse inrigting vir hoër onderwys was daar geen sprake nie—selfs die kolleges op sulke sentra as Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria was in gees en inhoud oorwegend Engels.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika begin die regte en belange van die Afrikaner meer op die voorgrond kom, veral as gevolg van Art. 137 van die Grondwet. Hier en daar het 'n entoesiastiese dosent begin waag om in Hollands sy onderrig te gee. Maar dit was bloot sporadies, onopsetlik en ongeorden. Die invoering van Afrikaans naas en later in plaas van Hollands het die ontwikkeling van die Afrikaanse universitêre inrigtinge sterk in die hand gewerk.

Die keerpunt in die universitêre onderwys, veral vir Afrikaanssprekendes, vind plaas in die jaar 1916. In daardie jaar is nuwe wetgewing in verband met die aard en beheer van die hoër onderwys deurgevoer. In die plek van die ou afgeleefde Kaapse Universiteit kom nou drie universiteite. Die een is die opvolger van die ou universiteit, 'n federale

Universiteit van Suid-Afrika met 'n aantal saamstellende kolleges (op Grahamstad, Wellington, Bloemfontein, Pretoria, Johannesburg en Pietermaritzburg, later ook Potchefstroom). Die ander is die Universiteite van Kaapstad en van Stellenbosch. Stellenbosch het onmiddellik die universiteit van die Afrikaner geword, terwyl die kolleges op Bloemfontein, Pretoria en Potchefstroom die voorbeeld van Stellenbosch gevolg het. Die universitêre inrigtinge is dus vanself verdeel in twee kampe—en so het die Afrikaner in sy erfenis van hoër onderwys ingestap. In 1932 het die kollege op Pretoria 'n selfstandige universiteit geword, en wel opsetlik vir die Afrikaner. In 1950 het die inrigting op Bloemfontein ook 'n selfstandige inrigting geword—en wel doelbewus vir die Afrikaner. Die inrigting op Potchefstroom word in Maart 1951 ook selfstandig—ook die inrigting is deur--en-deur Afrikaans. Teen 1951 sal die Afrikaanssprekendes vir universitêre inrigtings tot hul beskikking hê en sal dan absoluut gelykwaardig staan teenoor die Engelssprekendes.

Gepaard met die toenemende deelname van die Afrikaner aan hoër onderwys gaan sy toenemende deelname aan die wetenskaplike kennis gepaard. Die Afrikaner het tot dusver 'n besondere aanleg aan die dag gelê vir gevorderde studie en navorsing. Onder die grootste manne op die gebied van wetenskaplike navorsing neem Afrikaners 'n baie prominente plek in. Sonder om te diskrimineer teenoor andere wil ek tog graag die name noem van twee wêreldberoemde Afrikaners: dr. P. J. du Toit, vroeër direkteur van die Onderstepoortse inrigting, en dr. H. J. van der Byl in lewe direkteur van Yskor. Behalwe ons eie natuurwetenskaplike navorsers mag ons ook wys op die grooot aantal manne wat selfs buite Suid-Afrika bekendheid verwerf het as outoriteite op die gebied van die geskiedkundige, die letterkundige, die ekonomiese, die regsgeleerde, die filosofiese, die opvoedkundige navorsing. Aan ons Afrikaanse universitêre inrigtings word verbasend veel navorsingswerk op alle terreine van die Wetenskap verrig—en die werk is van 'n baie hoë gehalte.

Die voorreg wat Afrikaners geniet het en nog geniet op ons inrigtinge vir hoër onderwys in hul akademiese vorming en in hul wetenskaplike navorsing, het die weg vir die jong Afrikaner geopen na al die belangrikste hoër professies. Jong Afrikaners wat deur die universiteite gegaan het, staan vandag in meeste van die professies vooraan: ek noem maar net ons vooraanstaande politici wat almal akademies gevorm is, ons leiers in die onderwyswêreld, ons spesialiteite op mediese gebied, ons voormanne in die ekonomiese en industriële lewe, ons kragtigste kultuurleiers.

Die Afrikaner lei vandag op meeste terreine van die lewe.

VII.

'n Verhandeling oor die onderwys en opvoeding van die Afrikanerdom in die afgelope vyftig jaar sal totaal onvolledig en onbevredigend wees, as dit nie minstens aandag gee aan die diepste wens van alle ware Afrikaners, nl. die verwesenliking van ons ideaal van Christelik-nasionale onderwys. Dié soort onderwys sit in die hart en niere van die Afrikaner. Die Afrikanerdom is daarin gebore en het daarin groot geword.

Met die verkryging van selfbestuur deur die twee ou Boere-Republieke in 1906-7 het die C.N.O.-beweging wat sinds 1903 so sterk geword het, tydelik tot stilstand gekom, daar die meeste Afrikaners hulle min of meer neergelê het by die leiding van mede-Afrikaners wat toe aan die roer van sake gekom het. Maar sekere bittereinders het hulle nie met die oorgawe van die C.N.O.-skole versoen nie. Onmiddellik na dié oorgawe het hulle opnuut die stryd om C.N.O. hervat. Kongresse is gehou in 1909, 1911, 1912, 1913 en veral in 1917 en 1918. In daardie tyd was die hoop besonder sterk weens die bemoedigende rapport van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie wat onder voorsittterskap van H. L. Malherbe hom besonder gunstig uitgelaat het oor 'n stelsel van groepskole volgens C.N.O.-beginsel. Maar van aksie het daar nie veel gekom nie, waarskynlik omdat die Afrikanerdom kultureel nog nie in 'n vaste organisasie saamgesnoer was nie.

Maar vanaf 1930 begin nuwe gedagtes en 'n nuwe lewe hom. Deur opvoedkundige denkers aan universitêre inrigtings en deur Calvinistiese organisasies is weer die behoefte aan 'n duidelik geformuleerde C.N.O.-beleid sterk onder die aandag gebring. En van nou af begin die prinsipiële bestudering van die C.N.O.-beleid, maar wat nog belangriker is, die samesnoering van dié Afrikanerdom wat nog in sy lewens- en wêreldbeskouing suiwer reformatories is. Die samesnoering is bewerkstellig deur verskillende organisasies, soos die Calvinistiese Bond, die Christelike Unie, die Calvinistiese Studiekring, die Calvinistiese Unie, die Federasie van Calvinistiese Afrikaanse studente maar veral deur die kragtige Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (die F.A.K.). Die F.A.K. het uiteindelik dié organisasie geword wat gesorg het vir die formulering van die C.N.O.-beleid en vir die propagering daarvan.

In 1939 organiseer die F.A.K. 'n groot Kongres oor die C.N.O. beginsel. Hier is die saak gesaghebbend, prinsipieel en prakties, bespreek. Die vrug van die arbeid was die samestelling van 'n Kort Begrip van C.N.O. en die instelling van 'n „Nasionale Instituut vir Onderwys en Opvoeding," later genoem die „Instituut vir Christelik-nasionale Onderwys" (die I.C.N.O. van die F.A.K.). Dit is hierdie I.C.N.O. wat vooortaan die saak in hande geneem het. Na byne 10 jaar van ernstige studie het die

I.C.N.O. aan die begin van 1948 sy tans bekend-geworde brosjure „Ons C.N.O.-Beleid" die wêreld ingestuur.

Die Afrikanerdom het in byna al sy geledinge die Beleid aangegryp as die presiese vertolking van sy diepste gedagtes, gevoelens en wense.

Vir 'n volle jaar lank was die vyande van die Afrikanerdom waarskynlik deur die eenheid van die Afrikanerdom insake sy ideaal van C.N.O. so oorbluf dat hulle die Beleid doodgeswyg het. Maar aan die begin van 1949 met die aanstaande provinsiale en uniale verkiesings voor die deur, het die liberaliste wakker geskrik en tot aksie oorgegaan. Die beleid is aan stukkies geskeur; die samestellers is uitgekryt vir al wat dodelik gevaarlik is; die beginsels in die Beleid vervat is verdoem. Die Afrikaners het nie stilgesit nie, maar hul Beleid met vers en kapittel verdedig. Die storm het bedaar. Menige liberalis het oortuig geraak van ons erns en ons opregtheid. Ons wil geen revolusie in die onderwys wêreld bring nie. Ons wil ons Beleid nie aan andere opdring nie. Ons vra maar net dat ons ons kinders volgens die beginsels van ons Beleid sal opvoed.

Die Afrikanerdom wat nog vashou aãn die godsdiens, taal, geskiedenis, tradisies en kultuur van ons voorvaders, het in die C.N.O.-Beleid van die I.C.N.O. sy gedagtes gekristalliseer, sy ideale helder omlyn, sy diepste wense en begeertes vertolk gevind. En hy het hom daarvoor uitgespreek en gegee.

Die Afrikanerdom kan met geloof en hoop in volle vertroue die volgende halfeeu ingaan: veel stryd lê voor maar die oorwinning is in sig!

Potchefstroom. J. CHR. COETZEE.